VERENIGING VIR TUISONDERWYS
CURAMUS
ASSOCIATION FOR HOME SCHOOLING

Postnet 165
Privaatsak / Private Bag X855
Pretoria, 0001

epos / email : *contact@sahomeschoolers.org*
Tel : 082 907 9696

Notule van die AJV van 2007

Notule van die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging vir Tuisonderwys, gehou op 24 Februarie 2007 te NG Kerk Wierdapark, Piet Hugostraat, Wierdapark.

1. Opening en algemeen

Die vergadering word geopen met gebed deur die Voorsitter, Bouwe van der Eems

Daar is genoeg lede teenwoordig om 'n kworum te vorm.

Die presensielys word gesirkuleer.

Die notule van die vorige jaar se vergadering word voorgelees in Afrikaans, goedgekeur deur die vergadering en onderteken deur Bouwe van der Eems en Francois van Deventer.

2. Lede en vergadering

Daar word besluit om die jaar vergadering in die toekoms in die begin van die jaar te hou aangesien almal baie besig is aan die einde van die jaar. Daar word besluit om dit in die toekoms saam met die ekspo te hou.

Lidmaatskap is gratis en daar is lede gewerf by die Ekspo en by die Pestalozzi stalletjie.

Leendert van Oostrum stel voor om in die toekoms die vergadering oor die internet te hou oor 'n tydperk van 14 dae via 'n yahoogroups.

In terme van Ledewerwing d.m.v. die Web:

- Die Spesifikasie is opgestel
- Implementasie nog nie gedoen nie
- Daar is Open Source sagteware (Jumla) om dit mee te doen.
- Leendert van Oostrum kan spasie beskikbaar stel vir hierdie doel.
- Daar word besluit om die domains te registreer: www.tuisskolers.org en www.homeschoolers.org
- Die bestuur word toestemming verleen om as alternatiewe ook te gebruik: www.sahomeschoolers.org of www.homeschoolersa.org

3. Finansiele verslag

Francois van Deventer (Tessourier) deel die Finansiële verslag uit en verduidelik die syfers. Die verslag word deur die vergadering goedgekeur.

4. Voorsitter verslag

Bouwe van der Eems lees die voorsittersverslag waarna Freek Kruger en Leendert van Oostrum voorstel dat die verslag goedgekeur word. Dit word deur die vergadering goedgekeur.

5. Verkiesing van bestuur

Nominasies is gemaak vir die bestuur vir 2008 en al die nominasies is gesekondeer. Die name van nomineerders en sekondante word in die tabel hieronder gegee.

Posisie	Bestuurslid	Nominasie	Sekondant
Voorsitter	Bouwe van der Eems	Niel Bester	Leendert van Oostrum
Sekretaris	Francois van Deventer	Leendert van Oostrum	Niel Bester
Tesourier	Niel Bester	Leendert van Oostrum	Freek Kruger

_____ _____

Voorsitter Sekretaris

1 Maart 2008